

# 15

## NAASTELIEFDE

# Kom ons reik uit na mekaar

### **PRAKTYKLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet wat dit beteken om ons naaste lief te hê.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- dat ons God moet liefhê met ons hele hart.
- dat 'n mens wat vir God lief is, ook sy naaste liefhet.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- omgee vir ander mense.
- bereid wees om op te offer ter wille van ander mense.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet –

- mense help wat swaarkry.
- teenoor hulle ouers en boeties en sussies met liefde optree.

#### **MEER INLIGTING (1 Johannes 2: 7-11 en 3: 11-17)**

Ons kry die liefdesgebed in Matteus 22: 37-40. Die kern van die gebod is dat 'n mens God moet liefhê met jou hele wese en jou medemens soos jouself. In 1 Johannes 2 en 3 leer ons dat 'n mens nie 'n kind van die Here kan wees en terselfdertyd 'n medemens kan haat nie.

Dit is baie belangrik dat ons God moet liefhê met ons hele hart. Wie vir God liefhet, leef ook in liefde teenoor ander mense.

'n Mens betoon naasteliefde in die eerste plek altyd aan die mense wat die heel naaste aan jou is. Die meeste van ons het die voorreg om deel van 'n huisgesin te wees. Dit is die mense, jou pa, ma, boeties en sussies, met wie jy elke dag saamleef. Naasteliefde begin in ons eie huise. As huisgesin moet ons mekaar liefhê en vir mekaar omgee.

As kinders van die Here moet ons aan ons ouers gehoorsaam wees en met respek teenoor hulle optree. Ons moet ons boeties en sussies liefhê en mekaar in die huisgesin help. Dit is baie belangrik dat 'n huisgesin saam sal huisgodsdiens hou en vir mekaar sal bid.

Elkeen van ons het ook familie en vriende. Teenoor ons familie en vriende moet ons ook met liefde optree. Soms is daar van ons familie en vriende wat probleme het. 'n Ware kind van die Here help mense wat swaarkry en nood beleef.

Ons behoort ook aan 'n gemeente. Die gemeente is die huisgesin van God. Binne die huisgesin van God leef ons met ander gelowiges saam. Die Here vra dat ons mekaar sal liefhê en vir mekaar sal sorg. In die gemeente is daar mense met verskillende behoeftes. Dink aan ou mense wat eensaam en swak kan wees. Daar is ook mense wat ernstig siek is en sommige wat nie genoeg klere of kos het nie. As ons regtig ons naaste liefhet, sal ons sulke mense help en vir hulle gee wat hulle nodig het. Die belangrikste wat ons vir hulle moet gee, is om hulle te troos en moed in te praat en te verseker dat die Here hulle liefhet, hulle sonde vergewe het en vir hulle plek in sy koninkryk het.

Verder reik ons ook regoor die hele wêreld uit na alle mense in nood. Om alle mense as jou naaste te behandel, beteken nie dat almal jou beste vriende moet wees nie, maar dat jy alle mense sal help wat nood het.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Inligting oor hoe die gemeente mense help wat nood het. Vra die dominee of die diakonie.
- Vir elke kind 'n diagram wat op 'n wit A4-karton gefotostateer is soos by IETS OM TE DOEN hieronder. Hulle gaan dit self uitknip.
- Inkleurpotlode.
- Gom.
- Lekkers om in die houer te plaas.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met die woorde van Gesang 532 as gebed.

*Ons Vader, neem ons hande  
en maak ons één.*

*Versterk U self die bande –  
gee ons u seën.*

*Bind ons in u genade aan U, o Heer,  
en leer ons om met dade u Naam te eer.*

Heer, wees vir ons 'n Vader  
 wat sorg en sien.  
 Trek ons in Christus nader  
 om U te dien.  
 Laat, Heer, u Gees ons voorgaan,  
 laat Hy ons lei,  
 dat ons u Woord gehoorsaam –  
 ons aan U wy.

Leer ons mekaar vergewe,  
 mekaar vertrou.  
 Laat ons die hele lewe  
 op liefde bou.  
 Laat heers oor ons u vrede,  
 en bind ons saam.  
 Verhoor tog ons gebede  
 in Jesus Naam. Amen.

### HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer die sinne wat die kinders uit die woordbank moes voltooi.

Doop	eredienste	Naam	prediking	beskikbaar
'n goeie lewe lei		glo	Bybel	geldsake
geloofsbelydenis			geloof	

- o Die Woord van God is die *Bybel*.
  - o Jy word gered as jy *glo*.
  - o Ons hoor van die Here wanneer ons na die *prediking* luister.
  - o Ons moet voortdurend ons *geloof* versterk.
  - o Ons moet gereeld *eredienste* bywoon.
  - o Ons moet die Here aanbid en sy *Naam* aanroep.
  - o *Geloofsbelydenis* word gedoen nadat 'n mens die kategese-onderdig voltooi het.
  - o 'n Mens kan net 'n *goeie lewe lei* as jy weet wie die Here is.
  - o Tydens die *Doop* belowe ouers om hulle kinders in die weë van die Here op te voed.
  - o Die *Bybel* is vir ons *beskikbaar* en verstaanbaar.
- Kontroleer of hulle verlede week se feite ken.
    - o Gee 'n ander naam vir die *Bybel*. *Die Woord van God*.
    - o Wat belowe ouers tydens die *Doop* aan God? *Om hulle kinders self op te voed in die weë van God. Hulle belowe ook om te sorg dat hulle kinders die eredienste en kategese-klasse gereeld sal bywoon.*
    - o Wat gebeur as jy in Jesus glo? *Jy word gered.*

- o Waar hoor ons van die Here? *In eredienste, kategese klasse en by jeugaktiwiteite.*
- o Wanneer kan 'n mens in God glo? *'n Mens kan net glo as jy weet wie Hy is.*
- o Wat is geloof? *Geloof is kennis van die Woord van God en vertroue in die God van die Woord.*
- o Wat gebeur wanneer 'n mens belydenis van geloof doen? *Tydens belydenis van geloof bely 'n mens voor die hele gemeente dat jy in God Drie-enig glo.*
- o Wanneer word belydenis van geloof afgelê? *Nadat 'n mens die kategese-onderrig voltooi het.*
- o Hoe antwoord 'n mens op jou belydenis van geloof? *'n Mens antwoord op jou belydenis van geloof deur jou hele lewe aan die Here oor te gee. 'n Kind van die Here woon gereeld eredienste by en raak betrokke by die gemeente se werk.*

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

- Lees Matteus 22: 37-39 hardop vir die klas.
- Vra dan die volgende vrae aan die klas:
  - o Kan iemand sê wat die grootste gebod is? *Jy moet die Here liefhê met jou hele hart, siel en verstand.*
  - o Kan iemand sê wat die tweede grootste gebod is? *Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*
- 'n Mens wat vir God regtig liefhet, sal sy naaste ook liefhê.
  - o Maar wie sê julle is ons naaste? *Ons naaste is in die eerste plek die mense met wie ek elke dag saamleef. Dit is gewoonlik ons huisgesin. Ons moet mekaar liefhê en vir mekaar omgee. Ons familie, vriende en gemeente is ook ons naaste. Ons moet in liefde met hulle saamleef en ook vir hulle omgee. Die Here vra ook dat ons mekaar sal versorg. Verder reik ons ook regoor die hele wêreld uit na alle mense in nood.*

Gebruik die inligting wat jy gekry het en maak die kinders bewus van die verskillende behoeftes van bejaardes, siekes en armes in die gemeente.

### IETS INTERESSANT

- Lees 1 Johannes 3: 16 hardop vir die klas. Verduidelik dat *broers* in hierdie gedeelte beteken alle mense, mans en vrouens.
- Maak 'n opsomming van MEER INLIGTING en verduidelik wie almal ons naaste is en hoe ons hulle lief behoort te hê.

### IETS BELANGRIK


Skerp die volgende by die kinders in:

- Jou naaste is –
  - o die mense wat die heel naaste aan jou is. Dit is jou pa, ma, boeties en sussies met wie jy elke dag saamleef. Ons moet aan ons ouers gehoorsaam wees, respek aan hulle betoon, ons boeties en sussies liefhê en mekaar in die huisgesin help. Dit is baie belangrik dat 'n huisgesin saam die Bybel sal lees en vir mekaar sal bid.

- o familie en vriende teenoor wie ons met liefde en respek moet optree en wat ons moet help as hulle in nood verkeer.
- o almal in die gemeente teenoor wie ons ook met liefde en respek moet optree en wat ons moet help as hulle in nood verkeer.
- o alle mense in nood.
- Om alle mense as jou naaste te behandel, beteken nie dat almal jou beste vriende moet wees nie, maar dat jy alle mense sal help wat nood het.

### IETS OM TE DOEN

Gee vir elke kind 'n kartondiagram.



Die kinders –

- sny die diagram op die lyne uit.
- versier dit op die dele wat buite gaan wees.
- vou dit op die stippellyne en plak dit aan die binnekant vas waar nodig.
- maak 'n kaartjie uit die afvalkarton met 'n versie daarop.
- kry 'n lekker om in die houer te plaas saam met die kaartjie.
- maak die houer toe en gee dit aan enige persoon om vir daardie persoon te sê hulle gee om.

## BY DIE HUIS

Laat hulle –

- by Les 17 by EK HET GEDOEN EN KAN ONTHOU neerskryf vir wie hulle gehelp het en waarmee.
- by Les 17 by EK HET GEDOEN EN KAN ONTHOU Matteus 22: 37-40 gaan leer.

## AFSLUITING

Een van die kinders sluit af deur Gesang 530: 1-2 as gebed te lees.

*Praat ek mense-, eng'letale,  
maar dis nie uit liefde nie,  
is my woorde hol simbole –  
klanke sonder melodie.  
Al kan ek geheime uitlê,  
berge deur geloof versit,  
of al het ek al die kennis –  
sonder liefde is ek niks.*

*Sonder liefde sal my gawes,  
al my ywer, my nie baat.  
Net die liefde, onbaatsugtig,  
bly oorwin met goed, die kwaad.  
Onreg kan dit nie verdra nie,  
dit is met die waarheid bly.  
Deur vergifnis, hoop, verwagting,  
kom die beste in ons vry. Amen.*